ATKV-HANDELSMERKING VIR TAKKE MET BETREKKING TOT ELEKTRONIESE GEBRUIK (www)

Die ATKV is meer as ‘n kultuurorganisasie. Dit is ‘n organisasie wat sy missie en waardes lééf deur ‘n verskeidenheid professionele aksies en bedrywe wat sinergisties en op ‘n unieke wyse hande vat om die dinamiese ATKV-prentjie binne die breër Suid-Afrikaanse kultuurlandskap te skilder. Hierdie “prentjie” staan bekend as die ATKV-persona waarvan die visuele identiteit die ATKV-handelsmerk is.

Die ATKV-handelsmerk is die identifiserende sleutel wat die ATKV nasionaal én internasionaal herkenbaar maak. Om dit te bewerkstellig moet die handelsmerk oordeelkundig mee gehandel word. Die konsekwente aanwending daarvan (deur middel van kleur, lettertipes, karakter en styl) is noodsaaklik omdat die ATKV daardeur as professionele kultuurorganisasie onderskei en gevestig word.

Hierdie handelsmerkhandleiding ontsluit die korrekte formele handelsmerkgebruike – watter toepassing ook al vereis word. Die gepaardgaande reëls en riglyne word ook deeglik belyn. Gebruik hierdie handleiding tot voordeel van die ATKV-handelsmerk in sy geheel!

****

ATKV-embleem – Simboliek

Die gemoderniseerde ATKV-embleem is sedert 1993 in gebruik op alle dokumentasie en korporatiewe beeldmateriaal van die ATKV.

Die embleem bestaan uit ‘n halwe aardbol waarvan die rooi arm dien as die as waarom die aardbol draai. Die son wat daaruit skyn, is simbolies van die ATKV as kultuurorganisasie wat soos ‘n helder lig aktief voortbou aan die kultuur van die Afrikaanse gemeenskap in Suider-Afrika.

Die ATKV se handelsmerk

Daar is vasgestelde reëls vir die balans en verhouding van die ATKV se handelsmerk. Elkeen se vorm, kleur en samestelling is vasgestel, ononderhandelbaar en wettig geregistreer. ***Ook mag die letters nooit verwyder word van die grafieka, of selfs mee gepeuter word nie***, (dit wil sê vergroot, verklein of verskuif word nie). Die grafieka en letters is ‘n eenheid en dit is dié eenheid wat die ATKV-embleme met sy identiteit vestig. Slegs die oorspronklike kunswerk mag as bron in enige toepassing gebruik word.

ATKV-handelsmerkspesifikasies

Om jou in staat te stel om hierdie handelsmerk se afmetings, omvang, algehele balans en plasing op enige dokument op die regte manier te gebruik, móét hierdie spesifikasies getrou gevolg word.

Die ATKV se korporatiewe handelsmerk word op dieselfde manier in Afrikaanse en Engelse toepassings gebruik.

Skoon ruimtes rondom handelsmerke

Daar moet altyd ‘n minimum skoon ruimte reg rondom die handelsmerk wees. Hierdie skoon ruimte wissel na gelang van die spesifieke grootte van die handelsmerk wat op die dokument vereis word. Die handelsmerk se skoon ruimte sal dus altyd in verhouding wees met die grootte van die handelsmerk. Hierdie reël voorkom dat die ATKV-handelsmerke deur ander ontwerpselemente of teks verdring word.

Hoe om hierdie skoon ruimte te bepaal:
Gebruik die letters ATKV om die skoon ruimtes rondom die handelsmerk te bepaal. Meet die hoogte van die letters in die handelsmerk en meet hierdie afstand rondom die handelsmerk soos ‘n raam (kyk voorbeeld regs). Maak dan seker dat geen elemente van watter aard ook al in hierdie raam of ruimte in beweeg nie.

Kleurvariasies: ATKV-korporatief

Algemeen:
Alhoewel daar altyd gepoog moet word om die ATKV se handelsmerke in volkleur op suiwer wit agtergrond te gebruik, is dit nie altyd moontlik nie.

Ander goedgekeurde toepassings:
Swart en wit embleem op wit agtergrond, grysvariasies op wit agtergrond, of volledig in ‘n amptelike kleur van die betrokke embleem onder bespreking. Die ATKV-embleem mag in tweekleurtoepassing gebruik word (d.w.s. kleur plus wit) in slegs die kleure wat in die embleem voorkom, asook grys en wit, en swart en wit.

Die ATKV se handelsmerk het ‘n duidelike wit kwartronde onder regs in die grafieka. Daardie kwartronde moet altyd wit wees. Die basiskleur van die bladsy waarop die handelsmerk verskyn mag nooit in hierdie kwartronde deurskyn nie – byvoorbeeld grys, pienk, groen ens. Die regterkantste kwartronde is altyd **wit**.

Regte gebruike van die ATKV-handelsmerk

Die voorbeelde hierbo dui die korrekte handelsmerk toepassings op gekleurde agtergronde sowel as die verskeie kleurkombinasies van die ATKV aan. Wanneer die gekleurde lettertipes op gekleurde agtergrond gebruik word, moet optimale leesbaarheid verseker word.

Goue reëls:
As die handelsmerk en spesifiek die son se strale gedefinieer is, is die kleur kombinasie korrek. As die son se strale ongedefinieer is, is die kleur kombinasie verkeerd.

• Wanneer gekleurde lettertipes op ‘n gekleurde agtergrond gebruik word, is optimale leesbaarheid noodsaaklik.
• Maak seker dat die son se dertien strale duidelik gedefinieer is.
• Maak seker dat geen element van die embleem sag oorloop in die agtergrondkleur nie.



Verkeerde gebruike van die handelsmerk

Geen ATKV-handelsmerk mag aangepas word om spesifieke agtergronde, spesiale effekte of elemente in ‘n ontwerp te akkommodeer nie. Daar mag nie met die ATKV-handelsmerk in sy geheel, of met van sy elemente gepeuter word nie.

Leesbaarheid van letters: ATKV

Die letters en die onderskrifte wat met ‘n handelsmerk geassosieer word moet duidelik leesbaar wees. Gebruik die afsnypunt van 6 mm vir die letters, ATKV, in verhouding met die onderskrif, hetsy dit die webadres is, of die ATKV se amptelike posisioneringslyn, Ons laat taal en kultuur lééf!.

Die leesbaarheid van die teks in die handelsmerk is belangrik. Enige teks kleiner as ses punte word as vaag, onduidelik en onleesbaar beskou. Teks groter as ses punte is voldoende.

Leesbaarheid van handelsmerke

Die doel van die ATKV se handelsmerke is om enersyds die betrokke dokument aan die ATKV-persona te koppel en andersyds is die ATKV-handelsmerke die stempel van gehalte wat gelyk staan aan ATKV-gehalte. Die grootte van ‘n handelsmerk word bepaal deur die wydte van die besondere handelsmerk. Die wydte van die letters, ATKV, dien as die grootte bepaler. Dit is duidelik dat die korporatiewe ATKV-handelsmerk in geheel nooit kleiner as 6 mm wyd gebruik mag word nie.

Korporatiewe lettertipe

Bondoni Bd BT
Bondoni word hoofsaaklik gebruik vir die ATKV se korporatiewe identiteit maar nooit in die teks nie. Bondoni Bd BT word gebruik op die ATKV se formele korrespondensie en vorms.

Arial
Arial 12 word gebruik in die tekskopie van alle gebruikte mediums. Arial Bold skep die ideale kontras vir opskrifte en byskrifte. Tekselemente in die inhoudskopie kan uitgelig word met behulp van Arial Italic. Arial is beskikbaar op alle Microsoft woordverwerkingspakette.

Die lettertipe word aanbeveel vir algemene kantoorgebruik en korrespondensie.

ATKV

Bodoni Bd BT
abcdefghijklmnopqrstuvwxyz
ABCDEFGHIJKLMNOPQRSTUVWXYZ



Kleurpalette

Die meeste mense is vertroud met die kleurpalet wat opgeroep word deur op die ikoonbalkie op die knoppie, *Font colour*, te klik, dan op *More colours*. Die kleure wat op hierdie palet beklemtoon word, is dié wat die naaste is aan die handelsmerkkleure van die oorspronklike ATKV-produkte.

Wetlike aspekte

Inligting wat op die webwerf verskaf móét word:-

‘n Verskaffer wat goedere of dienste aanbied om te verkoop, te verhuur of te ruil deur middel van ‘n elektroniese transaksie, moet die volgende inligting aan gebruikers beskikbaar stel op die webwerf waar sulke goedere of dienste aangebied word:

- die verskaffer se volle name en regsstatus;
- die verskaffer se fisiese adres en kontakbesonderhede;
- die verskaffer se webwerfadres en e-posadres;
- lidmaatskap van enige selfregulerende liggaam of akkreditasieliggaam waaraan die verskaffer behoort of wat hom onderskryf, asook die kontakbesonderhede van daardie liggaam;
- enige gedragskode wat die verskaffer onderskryf en op watter manier die gebruiker elektronies toegang tot daardie gedragskode kan verkry (m.a.w. die ATKV se missie en waardes, fokus en droom)

ATKV-missie
Die ATKV is ‘n kultuurorganisasie waardeur die Afrikaanse kultuur as geheel op ‘n byderwetse en dinamiese wyse beleef, bevorder, verdiep en uitgebrei word om binne Suid-Afrika ‘n positiewe en onmisbare bydrae te lewer.

ATKV-waardes
Die ATKV word as kultuurorganisasie gekenmerk deur sy Christelik-Bybelse grondslag.
Die ATKV diskrimineer nie teen enige persoon op grond van ras of geslag nie.
Die ATKV is verbind tot professionele gedrag en etiese standaarde is al sy optredes.
Die ATKV bedryf al sy aktiwiteite volgens gesonde sakebeginsels.
Die ATKV respekteer die menswaardigheid van sy werknemers as onmisbare bate.
Die ATKV beskou sy lede en kliënte as sy belangrikste bate.

ATKV-fokus
Om die Afrikaanse kleur in die Suid-Afrikaanse reënboog te wees.

ATKV-droom
Ons droom dat die Afrikaanse gemeenskap, sy taal, kultuur en sy kundigheid in die 22ste eeu nog steeds onmisbaar deel sal wees van ‘n suksesvolle Suid-Afrikaanse geheel waarbinne die ATKV ‘n bepalende en aanvaarbare rol sal speel tot voordeel van die groter Suid-Afrikaanse gemeenskap.

Vir meer inligting aangaande hierdie handleiding, kontak Quinta Wasserman by ATKV-hoofkantoor (011) 919-9079.